14 April 2010

OUEROMSENDBRIEF 12/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

<u>Wat ander sê</u> …

<u>Oor Ma's en dogters</u>:

Geen ander verhouding kan met die van 'n ma en dogter vergelyk word nie; geen ander verhouding kan die plek van hierdie verhouding in 'n vrou se lewe inneem nie.

Marie Chapian
In Ma's en Dogters.

Bron: Amméria McFarlane. Vir ouers wat omgee 2004. Christelike uitgewers maatskappy p.40.

<u>Oor Pa's en seuns</u>: In antwoord op vrae:

Enigeen wat iets weet omtrent seuns kan sien dat hulle innige en liefdevolle verhouding met hul pa nodig het.

Bron: Dobson, James, Dr. 2002, Afrikaanse uitgawe. Om seuns groot te maak p.83

<u>Oor: Hanteer elke situasie so goed jy kan</u>:

"The will to win is worthless if you do not have the will to prepare"/

Bron: Thane Yest.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A, H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N. H U L O N D E R S T E U N D I E S K O O L G E R E E L D. S ê U I S 'N O U E R V A N B A K E N K O P A S U 'N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N D I E S K O O L K R Y 'N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K). *T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0*

2. LIEF EN LEED

Regardt Janse van Rensburg Gr. 3/2, Sheleen en Charlotte Gr. 2, se ouma is oorlede.
Claudi Meyer Gr. 3/2 se mamma sterk tans aan na 'n tyd in die hospitaal.
Unré Jooste Gr. 3/2 se oupagrootjie is oorlede.
Chané Cronje Gr. 2/3 het die vakansie in kole geval met haar been. Bid asb. vir haar vir beterskap. Sy is in Unitas Hospitaal , baie swak met hoë koors.
Tarien van Heerden, Gr. 7, het 'n operasie ondergaan om haar milt te verwyder. Sy het tans nog baie pyn.

3. ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Die Beheerliggaam het besluit om 'n elektroniese omsendbrief in werking te stel. Die elektroniese omsendbrief werk so, dat, indien u toegang het tot bv. 'n ADSL-telefoonlyn of enige ander internet, sal dit werk. U hoef nie 'n e-pos adres te hê nie. U ontvang 'n CD van die skool om op u rekenaar te laai. Dit stel u rekenaar in staat om die omsendskrywe van die skool outomaties te ontvang. Daagliks, op 'n voorafbepaalde tyd, verskyn die skoolinligting op u rekenaar vir u om te lees. U het ook 'n kieslys om met die inligting wat op u kind se aktiwiteite bv. Suikerbekkiekoor of krieket, by u sal aktiveer.

Sodoende faseer die papiergebonde omsendbrief vir die meeste van die ouers uit. Ouers wat nie internet toegang het, ontvang weekliks 'n papier uitdruk met die afgelope week se daaglikse skrywes.

Die stelsel behoort baie voordele in te hou en het ook uitbreidingsmoontlikhede.

Voltooi asseblief die meegaande skeurstrokie sodat die skool sy beplanning kan doen. Stuur asseblief die ingevulde skeurstrokie aan u oudste kind se klasonderwyser wat dit sal opsom vir die skoolkantoor.

4. OUERAAND – BELANGRIKE DATUM VERANDERING

GR. R – GR. 7 (Sien ook vorige 2 omsendbriewe)

Let asb. daarop dat die oueraand plaasvind op <u>19 April 2010 om 17:00 tot 19:00.</u>

Ons versoek dat alle Gr. 4 ouers asb. om 19:00 in die saal bymekaar kom vir 'n spesiale Gr. 4 vergadering op 19 April 2010. As u klasbesoek nie afgehandel is nie sal ons daar in elk geval meer sekerheid na die inligting en besprekings in die saal wees.

5. BAKIEJOLLERS 2010

<u>Belangrike datums om te onthou</u>:

15 Mei 2010	**-**	**Oefen 08:30-13:30 in die saal.**
18 Mei 2010	**-**	**Kleedrepitisie.**
20 Mei 2010	**-**	**GALA-AAND.**
24-28 Mei 2010	**-**	**Tshwane Jeugkunstefees: Oudisie.**
2 Junie 2010	**-**	**Tree by die Kultuurweek op.**
29 Julie 2010	**-**	**Laerskool Garsfontein.**
20 of 29 Augustus 2010	**-**	**Conspirito.**

6. SENIOR KOOR

<u>DATUMS</u>

Elke koorlid sal tydens ons oefening op 14 April 2010 'n brief ontvang met reëlings vir die NOTEPRET aand. Koorhemde word uitgedeel aan leerders wat reeds betaal het. Die kultuuraand van 2 Junie 2010 skuif na die 3de kwartaal a.g.v. die eksamen. Die nuwe datum sal later aan u gegee word.

Oefeninge word nie baie getrou bygewoon nie. Help asb. – ons kan geen sukses bereik sonder harde werk en gereelde bywoning nie.

Hierdie is die volledige program vir die jaar. Bewaar op 'n veilige plek en moet asseblief nie ander reëlings tref op hierdie datums nie:

Donderdag	**22 April**	**-**	**Notepret aand.**
Maandag	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert.**
Woensdag	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand.**
Woensdag	**28 Julie**	**-**	**Garsfontein kinder kultuurfees.**

Die datum vir Radio Kansel Tehita kompetisie waaraan ons gaan deelneem is nog nie bekend nie.

Alle uitstaande T-hemp (R60) en uitstappie geld (R65) moet <u>DRINGEND</u> betaal word.

7. BAKIES HET DIÉ <u>MÓÓISTE MEISIES</u> !!!

Baie geluk aan Natasha Joubert, Gr. 7/3, wat gekroon is as Miss Teen World SA. Sy gaan gedurende Oktobermaand in Turkye deelneem aan die finaal !

Elchelique Prinsloo, Gr. 1/3, is gekroon as Miss Tiny SA. Baie geluk !

Baie geluk aan hierdie mooi kinders. Ons is baie trots op julle.

8. HELP ASB. !

Gesin met 5 kinders benodig asb. <u>enige</u> kombuisware insluitende elektriese ketel, mikrogolf, yskas ens. – alles in brand vernietig. Kontak asb. die kantoor indien u kan help.

9. WINTERSDRAG

Ons skakel op 17 Mei 2010 oor na wintersdrag. Indien u kind vroeër koud kry kan hy/sy reeds wintersdrag aantrek.

10. TROFEË

Alle trofeë moet asb. terugbesorg word voor Vrydag 16 April 2010. Indien die trofeë nie gegraveer is nie, kan u R50.00 saam stuur en die skool sal dit vir u laat doen. Handig in by Mnr Albert Korf.

11. MASELINENTING

Ouers voltooi asb. aangehegte brief. Merk duidelik of u kind verlede jaar geënt is of nie. (Brief aan elke leerder).

Alle toestemmingsbriewe <u>moet</u> terug wees op Woensdag 21 April 2010. Ons kinders se gesondheid is vir ons baie belangrik. Gee asb. dringend aandag !!

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF

>>>

OMSENDBRIEF SKEURBRIEF : ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF: 13 APRIL 2010

Hiermee bevestig ek as ouer/voog van:

_____ Gr. ____/___ (oudste)

_____ Gr. ____/___

_____ Gr. ____/___

_____ Gr. ____/___

dat ek wel internettoegang het/nie internettoegang het nie.

(Omkring u keuse asseblief)

_____ _____

HANDTEKENING OUER/VOOG **DATUM**

LW: Stuur hierdie skeurbrief asb. na u oudste kind se voogonderwyser.